

Voorsittersverslag/Chairman's Report

J C von Solms

GESIEN teen die agtergrond van die ekonomiese posisie waarin baie boere hulself bevind is dit nie verbasend dat die soeklig soms op die kunsmisbedryf sal val nie. Die jaar 1989 was dan ook geen uitsondering nie, en is verskeie sake wat verband hou met die kunsmisbedryf by landboukongresse gedebatteer. Daar het ook taamlik volledige berigte oor dié sake in die pers verskyn. Om verstaanbare redes figureer sake soos aanpassings in kunsmispryse, tariefbeskerming, invoere en mededinging sterk in sulke gesprekke en berigte. Waar hierdie sake soms in 'n sterk emosiebelaaide atmosfeer bespreek word, is dit ook verstaanbaar dat die menings wat daarvoor uitgespreek word nie altyd vleidend jeens die kunsmisbedryf is nie.

Ek benut derhalwe graag die geleentheid om tydens hierdie byeenkoms van ons 31ste algemene jaarvergadering oor hierdie sake, sowel as die algemene stand van die kunsmisbedryf in Suid-Afrika, kommentaar te lewer. As hierdie kommentaar daartoe kan bydrae om 'n beter perspektief oor belangrike kunsmis sake van die dag by belanghebbende partye en persone te laat posvat, dan het ek in my doel geslaag.

Totale plantvoedselverkope van lede van die Vereniging het in 1989, 593 000 ton NPK beloop (1988 = 604 000 ton). Dit verteenwoordig 'n netto daling van net onder 2% op die '88 syfer. Stikstofverkope het 'n toename van 2% getoon, maar fosfor en kalium het onderskeidelik met 11% en 5% gedaal. Verdere ontleding toon dat die grootste daling in kunsmisverkope in die Kaapprovinsie (-10%) en in Natal (-3%) voorgekom het. Daar was 'n toename in verkope in die Oranje-Vrystaat (+3%) terwyl verkope in die Transvaal vir alle praktiese oorwegings onveranderd gebly het (+0,2%).

Op 'n streeksgrondslag was daar egter aansienlik groter veranderinge in misstofverkope. In Noord-Transvaal is die grootste daling van 19% aangeteken, terwyl beduidende dalings ook in die Oos-Vrystaat (-16%), Suidwes Kaapland (-14%) en Oos-Kaapland (-8%) voorgekom het. Wes-Transvaal en die Noordwes Oranje-Vrystaat daarenteen, het toenames van 23% en 8% onderskeidelik getoon. Bykans 20% van die totale plantvoedselverkope het in die laasgenoemde twee gebiede — Wes-Transvaal en Noordwes Oranje-Vrystaat — voorgekom. Dit dui weer eens op die sterk afhanklikheid van die kunsmisbedryf op die somergraanbedrywe. Die betreklik hewige skommeling in misstofverkope wat in een kalenderjaar op 'n streeksgrondslag voorgekom het, dui nie noodwendig op nuwe langtermynneigings in misstofverbruik nie. Dit weerspieël eerder korttermynreaksies op streeksgebonde impulse soos byvoorbeeld verwagte klimaats- en landbutoestande, wat onder andere neerslag vind in korttermynveranderinge in akkerboupraktyke. Dit mag wel 'n indikatie wees van die landbousektor se vermoë om vinniger as in die verlede op sekere impulse te reageer, en dui op 'n nuwe dinamika in die landbousektor. Die kunsmisbedryf sal vanuit 'n logistieke- en bemarkingsoogpunt wel deeglik hiermee in die toekomst rekening moet hou.

Die afname in nasionale verkope van misstowwe in 1989 was teleurstellend. Die afname het plaasgevind te midde van landbutoestande wat, in die breë gesien, steeds 'n volgehoue

verbetering sedert die middel tagtigerjare in terme van verskeie ekonomiese indikatore getoon het. By die onlangse LANVOKON het mnr Jack Raath, Senior Adjunk-Direkteur van die S A Landbou-unie, in 'n referaat aangevoer dat "boere se reaksie op 'n pariteitsverandering baie logies en konsekwent was, naamlik, waar pariteit verswak het (o.a. kunsmis), het reële besteding afgeneem". Volgens Raath is die omgekeerde ook waar. In leketaal beteken dit dat boere minder kunsmis en ander korttermyninsette aankoop indien die pryse van sodanige insette vinniger styg as die pryse wat hulle vir landbouprodukte ontvang. Die verswakkende pariteitsverhouding van produsentepryse vir landbouprodukte en pryse van kunsmis gedurende 1989 het sekerlik 'n sterk rol gespeel, te midde van ander bydraende faktore soos laat reëns in die somerreënsaangebiede en die effek van die grondomskakelingskema. Hierin is 'n sterk boodskap vir kunsmisvervaardigers en bemarkers: **die mark vir kunsmis is sensitief vir prysveranderinge en reageer negatief op reële prysverhogings.** Ofskoon kunsmispryse oor die afgelope dekade stadiger as die verbruikers- of produsenteprysindex gestyg het, sal die bedryf in die toekomst moet kyk na maniere om kunsmisprysaanpassings "in lyn" te bring met bewegings in produsentepryse van landbouprodukte eerder as aan algemene prysindexe. Die kunsmisbedryf was miskien te geneig om sy "prestasie" in terme van historiese prysaanpassings te veel te meet aan algemene prysindexe en het moontlik uit die oog verloor dat 'n vryer markmeganisme in landbou nie voorsiening maak vir prysaanpassings van landbouprodukte in lyn met algemene prysindexe nie. Met ander woorde, die kunsmisbedryf sal toenemend self 'n sterker markgerigte benadering in die prysbepaling van sy produkte moet volg.

In 'n ekonomie met volgehoue hoë inflasie is dit geen maklike taak nie. Daar is 'n aantal kompliserende faktore waarvan ek graag enkele wil noem. Sedert die rasionalisasie in die bedryf na die oorname van Fedmis se bates deur ander lede van die bedryf, is 'n groot gedeelte van ledige kapasiteit gesluit. Feit is egter dat daar steeds oorskotkapasiteit in die bedryfstak is. In 'n onlangse opname wat die Misstofvereniging onderneem het, het geblyk dat daar in 1988 ná die rasionalisasie nog steeds sowat 3,4 miljoen ton kapasiteit vir die vervaardiging van korrel- en massavermengde kunsmis bestaan het. Die gemiddelde beraamde kapasiteitsbenutting, met inagneming van uitvoere, was in 1988 net meer as 70%. Dit gee 'n aanduiding van die onderbenutting van kapasiteit in die bedryfstak as geheel. Die onlangse aangekondigde toetreding van 'n nuwe verskaffer tot die plaaslike kunsmismark sal ongetwyfeld die beskikbare kapasiteit vir die binnelandse mark vergroot deurdat meer oorhoofse koste verhaal sal moet word van 'n beperkte plaaslike mark indien daar nie verdere sluitings van aanlêe en rasionalisasie plaasvind nie. 'n Ander kompliserende faktor is die toenemende looneise — in baie gevalle hoër as die inflasiekoers — van vakunies en dreigende stakings. Dit belemmer pogings om produktiwiteitsverbetering te bewerkstellig.

Met inagneming van die werklikheid van hierdie en ander kompliserende faktore is die groot uitdaging vandag en môre vir die kunsmisbedryf om sy produktiwiteit sodanig te verhoog dat

hy kunsmis aan die landbou sal kan aanbied teen pryse wat verdere erodering van die kunsmismark aan bande sal lê, maar terselfdertyd sy eie volgehoue ekonomiese lewensvatbaarheid sal verseker.

OTHER important issues that affected the industry during the past year were tariff protection, importation of finished fertilizers and competitiveness in the industry. I would like to touch briefly on these topics:

Tariff protection in free market economies has always been a hotly debated subject and clear cut answers are not always available. While it cannot be denied that tariff protection leads to cost increases, these cost increases have to be weighed against the possible effects of non-protection on an industry and in the final analysis on a country's economy as a whole. The need and desirability for tariff protection do vary for different materials and affect our members in different ways depending on the nature of their business.

It has therefore to be made clear that tariff protection in the fertilizer industry is limited and selective. Apart from an anti-dumping duty on urea and a limited *ad valorem* duty of 15% on superphosphates and phosphoric acid, all other raw materials and finished products (e.g. ammonia, NP or NPK mixtures) can be imported free of duty. It should be noted that urea comprises only 18% of total nitrogenous application in this country. Urea, together with DAP and TSP are heavily internationally traded commodities and urea in particular has a long history of being traded at marginal or even below marginal cost, i.e. dumping. At present the European Community for example, still has stringent anti-dumping duties on urea originating from mainly Eastern Bloc and developing countries — ranging from 1,7% for Austrian urea to 54,2% for Romanian urea. These duties will remain in force until 1992 when they are to be reviewed. If urea were allowed to come into a country free of anti-dumping protection it could severely disrupt such an industry's viability — not only with respect to the production of nitrogen fertilizers but also with respect to all downstream products of ammonia, including explosives and plastics. The same arguments can be extended to DAP, albeit to a lesser degree. In recent times world spot prices of DAP has come very close to dumping price levels. Protection of input industries certainly does not please everyone but a selective anti-dumping duty is the only solution to safeguarding this country's nitrogen industry. In a recent speech at LANVOKON 1990 Dr Simon Brand, the Chief Executive of the Development Bank of Southern Africa, made the point that should tariff protection of agricultural inputs be relaxed in accordance with an increasingly market orientated approach, it would alleviate the cost-push effect on agriculture deriving from these sources. However, the other side of the coin is that any benefits that may arise from a relaxation of tariff protection on the input side could well be offset by the application of other measures such as the phasing out of agricultural subsidies and the implementation of more market related interest rates. I am in full agreement with Dr Brand's view in this regard and want to stress the point that the abolition or relaxation of tariff protection is neither a simple matter or easy to implement, nor would it serve as a quick cure for agriculture's ills. (We are indeed privileged to have Dr Brand here today to deliver the keynote address.)

During the year much publicity was given to the importation of a limited quantity of urea on the initiative of two Bothaville farmers. In the process they demonstrated a saving on nitrogen fertilizer input cost relative to locally available product. We in the

industry recognise the right of any individual or groups of individuals who wish to indulge in the import of fertilizer. It is however not without considerable risk to the importer, especially when larger quantities are involved. While these farmers have to be congratulated on their initiative, it must be kept in mind that a limited quantity of product was brought in and was transported directly from the harbour to a limited number of end users. As a result very little if any storage, handling and marketing costs were incurred in a very short marketing chain. The viability of chance imports is also heavily dependent on favourable prices on world spot markets. To put this 1989 import into proper perspective one has to take cognisance of certain recent events in the international fertilizer trade, specifically with respect to urea and DAP.


During 1988 DAP prices out of the US Gulf never fell below \$172 per ton f.o.b. and even reached a high of \$210 per ton f.o.b. In 1989 prices slipped from \$200 per ton f.o.b. in January to a low of \$145 per ton f.o.b. in December, following the phosphoric acid dispute between Morocco and India. The settlement of this dispute and the expected re-entry of the Chinese as a major purchaser in the first quarter of 1990 may bring a respite for either US or Moroccan producers. However, in February 1990 *Fertilizer Focus* predicted that the major requirement for a return to any kind of profitability in the DAP market would seem to be a drastic cutback in US production.

The lower levels of urea purchases in 1989 by China resulted in many companies left with huge inventories of unsold urea. As the near panic clearance gained momentum, prices of US urea fell from \$142 per s. ton f.o.b. in January to \$134 per s. ton by end of March 1989 and by the end of May to sub \$100 levels. Urea prices in the Arabian Gulf followed the same pattern and slipped to \$80-88 per ton f.o.b. in bags in August. This crash in prices was halted with the re-entry of China as a major buyer and urea prices had firmed by approximately \$15-25 per ton by March 1990 and are still on the rise.

Ammonia, phosphoric acid and to a lesser extent sulphur and potash followed the same trend in 1989. The aforementioned demonstrates the high degree of volatility on international spot markets. Apart from the harm that could be done to a relative small local industry, should large scale imports take place, I believe that South African agriculture can ill afford to be more fully exposed to a volatile international market.

The rationalisation that took place in the industry in 1988 did result in more stable trading conditions by virtue of the fact that supply and demand has come more into balance. The elimination of excessive discounts during 1989 inevitably and unfortunately resulted in a sharp rise in effective fertilizer prices. Although the price increases in 1989 were no doubt unpopular with the farming community, the adjustment was necessary to return the industry to modest profitability. The sensitivity of the fertilizer market to pricing to which I referred earlier, is something that fertilizer companies are well aware of and I believe therefore that this will be reflected in prices for this year.

DIE Vereniging het met beperkte mannekrag (drie in totaal en een vakature) merkwaardig daarin geslaag om sy normale aktiwiteite te behartig. Die herstrukturering van die Vereniging, waaroor ek verlede jaar verslag gelewer het, het noodgedwonge gelei tot 'n verandering in werkswyse en -strategie. Om sy take behoorlik te kan verrig, tree die Vereniging in baie gevalle nou as inisiëerder en koördineerder op waar hy



nie instaat is om die werk self te verrig nie. Dit stel nuwe eise en uitdagings aan die bestuur van die Vereniging en in 'n kort tyd het die Vereniging hom goed by die veranderde omstandighede aangepas.

Soos in die verlede is skakeling in 1989 met verskeie instansies wat raakvlakke met die kunsmisbedryf het, gehandhaaf. Twee vergaderings op topbestuursvlak is met 'n groep noordelike graankoöperasies gehou — die eerste in Junie en 'n opvolgvergadering in Augustus. Soortgelyke byeenkomste is gereël om later vanjaar plaas te vind met ander groepe koöperasies. Skakelvergaderings is ook tussen Nampo en die kunsmisbedryf gereël. By sulke byeenkomste tree die Vereniging as fasiliteerder op en versamel hy die nodige bedryfsinligting wat nodig is vir gesprekvoering. Met sodanige vergaderings word beoog om 'n beter klimaat van samewerking en gemeenskaplike probleemoplossing te skep.

Goeie verhoudings is met die Departement van Landbou gehandhaaf via persoonlike kontak en verskeie komitees. Een aspek van ons kontak met die Departement van Landbou verdien vermelding: As gevolg van die polemieke rondom bemestingsriglyne — veral sover dit mielies betref — is 'n taakspan bestaande uit verteenwoordigers van die Departement van Landbou-ontwikkeling en die kunsmisbedryf op inisiatief van die Departement Landbou-ontwikkeling saamgestel om indringend hieraan aandag te gee. Ek beskou die opdrag van hierdie taakspan as 'n baie hoë prioriteit en ondersteun die idee heelhartig dat kundiges van die kunsmisbedryf en die departement oor hierdie belangrike saak saamwerk om 'n gemeenskaplike doel nl ware gekoördineerde bemestingsriglyne te bereik. Ek hoop dat die goeie vordering wat tot op datum deur die taakspan gemaak is in die nabye toekoms met sukses opgevolg sal word.

Verskeie publikasies soos die *MVSA Joernaal* (wat die handeling van die algemene jaarvergadering bevat), *Fertilizer Handbook*, *Fertilizer Review/Kunsmisoorsig 1989* en 'n nuwe oplaag van *Bemestingshandleiding* het in die verslagjaar verskyn. Die feit dat 'n vierde oplaag van *Bemestingshandleiding* gedruk moes word, getuig van die populariteit van dié publikasie.

Onderhandelinge om die publikasie en sy Engelse eweknie *Fertilizer Handbook* as voorgeskrewe werk by universiteite, Teknikons en Landboukolleges te vestig is tans aan die gang. Die tydskrif *Plantvoedsel* wat vroeër onder die MVSA se vaandel verskyn het, en baie populêr was, gaan weer onder dieselfde naam, maar in ietwat ander formaat, aangebied word. Die eerste uitgawe het so pas verskyn en drie verdere uitgawes word vir 1990 beoog.

Die ontledingsgehalteversekeringskemas is suksesvol voortgesit. Gedurende 1989 het 42, 29 en 22 laboratoriums onderskeidelik aan die grond-, blaar- en kunsmiskemas deelgeneem. Die Misstofvereniging verrig steeds die finansiële administrasie van die skema maar alle ander funksies is finaal gedelegeer aan die Universiteit van Pretoria. Die skemas word op 'n kostegelykbreekbasis bedryf.

'n Handleiding oor grondanalise/prosedures is gefinaliseer en word tans gedruk. Dié handleiding is die kulminasie van jarelange pogings deur die Misstofvereniging, die Departement van Landbou-ontwikkeling, die Universiteit van Pretoria en individue van sommige deelnemende laboratoria om so-iets tot stand te bring. Dit verteenwoordig 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van grondontledingsdienste in die RSA en is 'n voorvereiste, en 'n moontlike vertrekpunt vir rasionalisering van grondontledingsdienste.

Die Vereniging het in die verslagjaar verskeie ondersoeke afgehandel. Twee ondersoeke het betrekking op die Wet op Misstowwe en is die Vereniging en sy onderkomitees op 'n deurlopende grondslag met die betrokke owerheid daaroor in verbinding.

Aan die begin van Februarie vanjaar is die vakante pos Bestuurder: Navorsing gevul en in die persoon van dr Trevor Botha, wat in die kort tyd wat hy by die Vereniging is reeds sy merk gemaak het. Hy is by uitstek gekwalifiseer om die pos wat besondere tegniese en vakkundige vaardigheid vereis, te vul. Aan die direkteur, mnr Hilmar Venter, en die res van die personeel van die Vereniging my opregte waardering vir hul ywer en bystand gedurende die afgelope jaar.